Pienaar [Riverside Manor], Ina de Kruyff, [Pinelands Place], Joyce Kramer [Forestrylaan] en Ron Botha [Parkchesterlaan].

3. Voorbidding vir tannie *Hetta Walters* van Pinelands Place.

4. Voorbidding vir *tannie Piete Boorsma* se familie. Sy is oorlede.

5. Voorbidding vir *Hannes Koortzen* wat tans in die hospitaal is.

6. Voorbidding vir ons gemeente se *aktiwiteite vir die week* en vir vanoggend se *spesiale deuroffer:* ***Mfesane*** is 'n gevestigde Christelike organisasie wat al meer as 30 jaar behoeftige gemeenskappe bystaan in hul eie ontwikkeling deur projekte en die sluit van vennootskappe. Die organisasie bedien die behoeftes van leerders, die jeug, kwesbare groepe, mense geraak deur die Vigs-pandemie, werkloses en werksoekers. Die organisasie werk op plekke in die Oos-Kaap, die Kaapse Skiereiland en die Weskus. Lidmate en gemeentes kan hulp verleen aan en besoeke bring by Mfesane asook betrokke raak by hul aktiwiteite.
Pinelands Gemeente loop al 'n lang pad met Mfesane. 'n Gedeelte van die snoekbraaifondse gaan aan die bejaardesorg van Mfesane.

7. Die Kerkraad ontmoet elke Sondag om 09:20 in die konsistorie vir gebed en ander sake.

Waar ons kerk werk

1. Kospakkies vir volgende Sondag: *Koffie, tee en suiker. [Kleinmaat asseblief].*

2. Amelia & weeskinders: Die bussie vir bydraes is in die voorportaal.

3. Blomme vir die kerk: 22/07/12: Adrie Marais; 29/07/12: Marieka Rousseau; 05/08/12: Hanlie Marais; 12/08/12: Annette Joubert.

4. Toebroodjies: 25/07/12: Maude Brewin, Nannie Keulder, Elsabe Jehle en Hanlie Marais; 01/08/12: Elizabeth le Sueur, Vivienne van der Merwe, Susan de Klerk en Anita Kruger.

5. Sopkombuis by Maitland Gemeenskapskerk: Magda Erasmus [021-531-2463].

6. Koffie/tee na eredienste: Adéle Flint, Nell Kruger en Cecilia Bruwer.

7. Uitreikprojekte: Maitland Gemeenskapskerk en Missie Japan. [Getuieniskommissie].

8. Vrouewerkgroep: Mary Coetzee [021-531-1742].

9. Gemeenskapsbetrokkenheid: Elsa van Huyssteen [083-367 - 1289], Johanna du Preez [021-531-2875] en ander lidmate [Martie Odendaal, Hanlie Marais en Linet Hauptfleisch] is betrokke by die speelskool in Elsiesrivier [Vrolike Groepe], asook by Clarke Primêr. Elsa bestuur die Sentrum vir 30 straatseuns in Soutrivier.

Verjaarsdae

22/07/12: Armand Meyer (5) en Suzanne Martens; 25/07/12: Heleen Meyer. Baie geluk en seënwense vir jul nuwe lewensjaar.

Pinelands Gemeente en die elektroniese era!!!

Ons gemeente het nou ook 'n webwerf waar u inligting kan gaan naslaan i.s. die erediens, liturgie, bulletin, sondagskool en ook oor die gemeente, ens. **Webwerf: www.pinelandsngkerk.org.**

Ons wil ook die kerk se bankbesonderhede vir lidmate wat verkies om betalings [maandbydraes, donasies, ens.] elektronies te maak, deurgee. Dit is dalk vir julle geriefliker om dit so te doen.

NG Kerk Pinelands, ABSA [Woodstock],
Tjekrekeningnr: 370-580-081 - Takkode: 512-809

Snoekbraai

Ons snoekbraai vind vanjaar plaas op Sondag 5 Augustus 2012 saam met die Nagmaal. Ons kom vanaf 12:00 by Sasnev bymekaar vir die ete. Koste is R50 per ete [porsie snoek, patat, brood met konfyt en slaai]. Bring asb. eie eetgerei, glase en iets te drinke. Die fondse is tbv. Barmhartigheid. Kom ondersteun ons asseblief.

Bybelstudiegroep vir Werkende-jongmense

Jongmense wat belangstel om by hierdie groep in te skakel, is baie welkom. Skakel vir Roelien Roos (082 784 8607) of Neilen Marais (083 603 0444).

Verblyf gesoek

Gerhard Labuschagne wat voorheen in ons gemeente was, is tans weer terug in Kaapstad en soek 'n kamer in Pinelands om te huur. Hy wil ook graag weer by ons gemeente betrokke raak. Indien iemand kan help, skakel asseblief vir Anita by die kerkkantoor.

Stoorplek

Ons soek stoorplek vir die kerk se potjiekospot en drom. As daar lidmate is wat kan help, skakel asseblief vir Anita by die kerkkantoor.

Vooruitskouing

1. Nagmaal en Gemeente-ete/Snoekbraai op Sondag 05/08/12.

2. Leraarskring by NGK Ottery op Maandag 06/08/12 om 09:00.

3. Nasionale Vroue-dag op Donderdag 09/08/12.

* ***By Maitland Gemeenskapskerk*** word 'n Vrouedag-ontbyt gehou om 10:00 in hulle kerksaal. Koste is R30 per persoon. Kontak Anita by 531-2401 vir die kaartjies. Kom ondersteun ons asseblief.

4. Skole vakansiedag op Vrydag 10/08/12.

Missie Japan

Liewe Kerkraad van NGK Pinelands en ondersteuners van Missie Japan

Hiermee wil Missie Japan vir julle dankie sê vir julle volgehoue ondersteuning. Baie dankie vir die geldelike ondersteuning, sowel as die ondersteuning met gebed.

Dit gaan goed met Stephan, Carina en die gesin. Hulle gaan een van die dae op 'n wel verdiende vakansie. Daarna gaan hulle ondersteuning bied aan persone in die rampgebied.

Tobie en Annalie het 18 Julie na die Noorde van Japan vertrek, waar hulle ook ondersteuning gaan bied aan die persone wat geraak is deur die ramp. Ons bid hulle die beste toe en glo dat hulle tyd daar baie geseënd sal wees.

Weereens baie dankie. Met julle ondersteuning help julle om te verseker dat die Koninkrykswerk in Japan kan voortgaan, Missie Japan het groot waardering hiervoor.

Groete
Aldoret Fourie
Missie Japan.

Ou Tydskrifte

Maitland Gemeenskapskerk maak ou tydskrifte bymekaar vir herwinning. Afrikaanse en Engelse tydskrifte kan na ons kerkkantoor toe gebring word.

Kerkkantoor-ure: Di. tot Vry. tussen 10:00 en 12:30.
Tel. 021-531-2401.

Webwerf: www.pinelandsngkerk.org

Tiana Bosman: 084 402-6005 of 021-531-4073.
Bianca Botha: 083 541 5210.

Ned. Geref. Gemeente Pinelands

Bulletin
22 Julie 2012

ONS GLO HIERDIE GEMEENTE IS 'N TUISTE VIR ELKEEN, '... A HOUSE OF COMPASSION --- WE FORGIVE HERE ENDLESSLY'.
[moeder Theresa].

Mag jy vanoggend iets hiervan ervaar. Mag jy self hierdie gesindheid teenoor ander hê: Inklusief, vol vergifnis, onvoorwaardelike aanvaarding van ander. Jy het vanoggend hier 'n kans om dit te ervaar en te gee, maar ook oral waar jy in 'n hartelose samelewing leef.

Week 30 se program

Oggenddiens 22/07/12 * ***Koninkryk 8.***

* ***Bankoffer:*** *Gewone Kollektes.*

* ***Spesiale Deuroffer****: Mfesane.*

* ***Kerkraadslede aan diens***: Jopie van Zyl, Niël Rossouw, Charlotte-Louise Enslin en Shawn Dall.

* ***Kerkraadslede vir volgende Sondag***: Steven Roos, Vanwyk Liebenberg en Hanlie Marais.

* ***Kinderkerk*** saam met Annemie Liebenberg en Heleen Meyer by Sasnev.

* ***Koffie en tee*** na die diens by Sasnev.

* ***Tekste vir die week*** *22*/07/12: ***Fokusteks***: Ef. 2:11-22.

* ***Ander tekste***: 2 Sam. 7:1:14a; Ps. 89:21-38 en Mark. 6:30-34, 53-56.

* ***Volgende week se tekste****:* ***Fokusteks***: Ef. 3:14-21.

* ***Ander tekste****:* 2 Sam. 11:1-15 of 2 Kon. 4:42-44; Ps. 14 of 145:10-18 en Joh. 6:1-21.

Woensdag 25/07/12: * ***Bybelstudie/Biduur*** in die konsistorie om 09:30.

Spesiale Voorbidding

1. Voorbidding vir wyk M: Bennet-gesin, Black-gesin, Dall-gesin, Heyns-gesin, Julie Hitchcock, Karen en Henry Lecuona en Van As-gesin.

2. Voorbidding vir: Helen Currie, Joan en Alwyn Pienaar, Cecilia Human en Lorainne Cornell [Helen Keller], Marie van Tonder [Alpine Hof], Ester Louw [Orchardweg], Verna Wells [Oasis], Laurette